

16.11 BESWAARSKRIF 1: GL ERASMUS TEEN DIE AANVAARDING VAN 'N AKTE VAN MENSEREGTE BY NASIONALE SINODE 1985 (Art 17)

- A. Dr RM van der Merwe rapporteer namens die Pre-advies Kommissie vir Appelle en Beswaarskrifte.
- B. **Besluit:** Die beswaarskrif word nie ontvanklik verklaar nie (die beswaarskrif word nie gepubliseer nie – Deputate Handeling).

16.12 BESWAARSKRIF 2: GL ERASMUS TEEN DIE BESLISSING VAN SINODE 2009 OOR MENSEREGTE (Artt 17, 21, 243)

- A. Die voorsitter, ds SD Snyman, stel die beswaarskrif met toestemming van die beswaarde sonder dat hy teenwoordig is, aan die orde.
- B. **Besluit:** Die beswaarskrif word verwys na die Kommissie Beswaarskrifte 2.
- C. Ds FM Dreyer rapporteer namens die Kommissie Beswaarskrifte 2.

D. **BESWAARSKRIF**

1. **Besluit waarteen beswaar aangeteken word**

Acta 2009:215-216 se **E. Rapport van die Kommissie** as motivering vir die besluit wat uit voorgaande Rapport se aanbevelings spruit, naamlik:

Aanbevelings: *Dat die beswaar nie gehandhaaf word nie.*

Besluit: *Goedgekeur*

Die Rapport van die Beswaarkommissie lui:

(par 1.1.1, p215/216): *Die beswaarde beweer dat die GES-verklarings onordelik op die Sinode se tafel gekom het...* (par 1.1.2 en 1.1.3 stel dat die Deputate die GES-vergadering amptelik bygewoon het en hul Rapport ordelik gedien het).

1.2.1 *Drie dokumente van die GES wat oor menseregte handel, het op die Sinode van 1985 gedien: 1.2.1.1 'n 154-bladsy "REStestimony on human rights wat in boekvorm uitgegee is. 1.2.1.2 'n Dokument "Pastoral Statement: a call to commitment and action [spelling reggestel]. 1.2.1.3 'n Dokument "Declaration on human rights".*

1.2.2 *Al die beswaarde se prinsipiële besware is gerig teen die inhoud van die "Pastoral Staement" en die "Declaration", en word ook aangehaal uit die vertaalde weergawes van die twee dokumente, terwyl die inhoud van die "Testimony" glad nie aangehaal of onder beswaar kom nie.*

1.2.3 *Die Sinode het slegs oor die "Testimony" 'n besluit geneem deur sy waardering daaroor uit te spreek, metmotivering. Oor die ander twee dokumente, waarteen die die beswaarde sy besware rig, is geen besluit geneem behalwe dat 'n voorstel dat dit vertaal en in pamfletvorm uitgegee moet word, nie goedgekeur is nie en daar besluit is: Daar word volstaan met die inligting in die Acta en die inligtingstuk oor die Acta.*

1.2.4 *Die beswaarde grond dus al sy besware teen 'n dokument wat op geen stadium deur die Sinode vir eie rekening geneem is of waarvan die inhoud deur die Sinode aanvaar is nie.*

1.2.5 *Die beswaarde gaan sover om te beweer dat die Verklaring oor Menseregte "die GKSA binnegesluit het as 'n 4de belydenisskrif soortgelyk aan die van dien Belhar of die Kairos-dokument", terwyl die Sinode nie eers 'n besluit oor die "Verklaring" geneem het nie.*

Bylaag BS verwys na Beswaarskrif wat op Sinode 2009 (Acta'09:202-215) gedien het.

2. **Geskiedkundige oorsig**

- 2.1 Die Gereformeerde Ekumeniese Sinode (GES) 1984 te Chicago, het 'n Rapport goedgekeur: (RES Testimony on human rights).
- 2.2 Deputate Ekumene sake van die GKSA het hierdie vergadering as afgevaardigdes bygewoon en Rapport gelewer by die Nasionale Sinode 1985. Deel van hul Rapport het die besluit van die GES rakende menseregte (RES Testimony on human rights) ingesluit.
- 2.3 Die Nasionale Sinode 1985 het die verklaring van Menseregte (RES Testimony on human rights) soos dit deur Gereformeerde Ekumeniese Sinode in 1984 te Chicago, VSA, aanvaar is aanvaar as suiwer Gereformeerde.

- 2.4 Die GK Orania se Beswaarskrif teen hierdie besluit is by Algemene Sinode 2009 nie gehandhaaf nie.
- 2.5 Hierdie beswaarskrif het ten doel om aan te toon dat die besluit van 2009 onregmatig was en rojeer moet word.

3. Motivering

Die Sinode het onregmatig, strydig met die negende gebod, opgetree en besluit in die behandeling van die Beswaarskrif deur verdraaiing van die stellings in die Beswaarskrif sowel as van die besluite van Sinode 1985.

3.1 Beswaargrond 1

Acta'09:215 par 1.1.1 lui: *Die beswaarde beweer dat die GES-verklarings onordelik op die Sinode se tafel gekom het, aangesien geen Beskrywingspunt uit die kerke gekom het om oor sake i.v.m. menseregte uitspraak te gee nie...*

Die Sinode verdraai die beswaar. BS par 2.2 stel dit onomwonde: "Die Rapport van die Deputate Ekumeniese Sake het wel ordelik gedien." Die bewering is dus vals.

Die BS par 2.1 stel dit baie duidelik: Die Besluit het onordelik ter besluit gekom. (onderstreping GE). Hierdie "besluit" betref die aanvaarding van die "RES testimony on human rights" deur die GKSA se Sinode 1985.

3.2 Beswaargrond 2

Acta'09:215 par 1.2 oor "prinsipiële beswaar" hierna aangehaal:

1.2.1 *Drie dokumente van die GES wat oor menseregte handel, het op die Sinode 1985 gedien:*

1.2.1.1 ... 'n 154-bladsy "RES testimony on human rights" wat in boekvorm uitgegee is.

1.2.1.2 ... "Pastoral Statement : a call to commitment and action"(foutiewe spelling reggestel).

1.2.1.3 ... "Declaration on human rights".

1.2.2 *Al die beswaarde se prinsipiële besware is gerig teen die inhoud van die "Pastoral Statement" en die "Declaration", en word ook aangehaal uit die vertaalde weergawe van die twee dokumente, terwyl die inhoud van die "Testimony" glad nie aangehaal of onder beswaar kom nie.*

Daar was nie drie dokumente van die GES rakende menseregte voorgehou nie, maar net een, naamlik van punt 1.2.1.1. *RES Testimony on human rights*. Die ander "twee" is die slothoofstuk van hierdie dokument en is die enigste deel uit die 154-bladsy RES-rapport wat deur die GKSA-deputate direk in hul Rapport aangehaal is – die hele RES-rapport was 'n bylae van die Deputate Ekumeniese sake. Die bewering dat die beswaarde nie uit die "Testimony" aanhaal of beswaar aanteken nie, is dus onwaar.

- 3.3 Die beswaarde het in sy repliek op die Rapport van die Beswaarkommissie bogenoemde sake as oortreding van die 9de Gebod aangedui, maar dit is ignoreer.

4. Samevatting

Aangesien die beredenering en gevolglike besluit van die Sinode 2009 strydig was met die 9de Gebod en daarmee 'n beswaar onregmatig van die hand gewys is, moet die besluit van Sinode 2009 herroep word.

E. RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE

1. Sake waarvan die Sinode kennis neem

1.1 Beredenering van Beswaarskrif

- 1.1.1 Die Beswaarskrif is gerig teen 'n besluit wat Sinode 2009 geneem het. Die besluit is geneem in die lig van 'n Kommissierapport (Acta 2009:215-216) oor br GL Erasmus se Beswaarskrif teen 'n besluit van Sinode 1985. Die Kommissierapport van Sinode 2009 word deels in die Beswaarskrif aangehaal.

- 1.1.2 Die doel van die Beswaarskrif is om die besluit van Sinode 2009 op te hef. Die beswaar word weergegee in die inleiding. Die beswaar beweer dat die besluit van Sinode 2009 die Negende Gebod oortree en daarom moet die beswaar gehandhaaf word.

- 1.1.3 Twee beswaargrond word as motivering van die beswaar gegee. Die eerste beswaargrond beweer dat die Kommissierapport 'n valse stelling gemaak het (Acta 2009:215, 1.1.1). Die stelling is vals want die Beswaarskrif sê nie – soos die Kommissierapport beweer – dat die GES-verklarings onordelik op die tafel gekom het nie. Die tweede beswaargrond bring twee punte na vore. Die eerste stel dat die Rapport van Sinode 2009 verkeerdlik praat van drie dokumente terwyl daar net een sou wees. Die tweede stel dat die Rapport verkeerdlik beweer dat die beswaarde nie uit 'n dokument “*The Testimony*” aanhaal nie (Acta 2009:216, 1.2.2).

Besluit: Punte 1.1.1 tot 1.1.3 kennis geneem.

1.2 *Beoordeling van beswaargrond*

1.2.1 Beswaargrond 1

Die beswaargrond is reg as dit sê dat die Beswaarskrif by Sinode 2009 sê dat die saak ordelik op tafel gekom het (Acta 2009:203, 2.2). **MAAR** die Beswaarskrif sê ook dat die GES-rapport nie ordelik op die tafel gekom het nie (Acta 2009:202,2). Daarom is die stelling in die Kommissierapport, dat die Beswaarskrif beweer dat die saak het onordelik op die tafel van die Sinode 1985 gekom, waar. So verwoord die Beswaarskrif dit (Acta 2009:215, 1.1.1).

1.2.2 Beswaargrond 2

Was daar een of drie dokumente? In die Rapport wat voor Sinode 1985 gedien het word die volgende vermeld: 'n studiestuk “*RES testimony on human rights*” (Acta 1985:628, 2.8.1), 'n “*Pastoral statement: A call to commitment and action*” en 'n “*Declaration on human rights*” (Acta 1985:629, 2.8.3). Die laaste twee is deel van die studiestuk. Die Kommissierapport hanteer dié drie verkeerdlik as drie dokumente. In hantering van die Acta van Sinode 1985 kan die fout maklik gemaak word. Die Beswaarskrif voor Sinode 2009 wys self op twee dele van die GES-verklaring (Acta 2009:202, 1). Omdat daar net een studiestuk was, die “*RES testimony on human rights*” het die Kommissierapport fouteur deur te sê dat die Beswaarskrif nie daaruit aanhaal nie.

Besluit: Punte 1.2.1 en 1.2.2 kennis geneem.

1.3 *Bevindings*

1.3.1 Beswaargrond 1

In die lig van die beredenering en beoordeling is die motivering in beswaargrond 1, dat die besluit van Sinode 2009 die Negende Gebod oortree het, nie waar nie.

1.3.2 Beswaargrond 2

Die beswaargrond sê tereg dat die Kommissierapport voor Sinode 2009 verkeerdlik sê dat die Beswaarskrif nie uit “*The Testimony*” aanhaal of daarna verwys nie. Dat hierdie fout – soos beswaargrond 2 beweer – 'n oortreding is van die Negende Gebod waardeur die Beswaarskrif onregmatig deur Sinode 2009 afgewys is, word nie deur die beswaargrond bewys nie. Die beswaargrond in die Beswaarskrif word deur Sinode 2009 afgewys omdat Sinode 1985 nie die inhoud van die GES-verklaring – waarteen die Beswaarskrif ingedien is – met 'n besluit vir sy rekening neem nie. Die besluit van Sinode 1985 spreek waardering uit vir die GES-verklaring (Acta 1985:651, 381). Die motivering vir die besluit van Sinode 2009 waarmee die Beswaarskrif afgewys is, is steeds geldig. Die beswaargrond wys die fout in die Kommissierapport uit. Die beswaargrond bewys nie dat hierdie fout 'n oortreding van die Negende Gebod is wat daartoe lei dat Sinode 2009 die Beswaarskrif onregmatig afwys nie.

Besluit: Punte 1.3.1 en 1.3.2 kennis geneem.

2. Sake waaroor die Sinode besluit

2.1 *Aanbeveling: Beswaargrond 1*

In die lig van die beoordeling en bevinding slaag die beswaargrond nie.

Besluit: Goedgekeur dat Beswaargrond 1 nie slaag nie.

2.2 *Aanbeveling: Beswaargrond 2*

In die lig van die beoordeling en bevinding slaag die beswaargrond nie.

Besluit: Goedgekeur dat Beswaargrond 2 nie slaag nie.

2.3 *Aanbeveling: Beswaarskrif*

In die lig van die besluite in 2.1 en 2.2 slaag die Beswaarskrif nie.

Besluit: Goedgekeur dat beswaarskrif nie slaag nie.